

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Paulus Miki en Metgeselle

## 6 Februarie

(sterf 1597)

Paulus Miki was lid van die adellike samoerai-klas in Japan. Hy tree in by die Jesuïete en word 'n bekende en beminde prediker en evangelis. Daar was egter politieke onrus in die land soos die taiko, oftewel regent, Hidejosji, besig was om die hele land onder sy gesag te bring. Hy was baie agterdogtig oor die groeiende Christenbevolking omdat hy hulle as volksverraaiers in die diens van Spanje en Portugal beskou het. Hy begin die Christene vervolg en arresteer Paulus Miki saam met 25 van sy metgeselle. Hulle is na 'n heuwel buitekant Nagasaki gebring waar hulle aan kruise vasgemaak en om die lewe gebring is.